# DRAERS VAN GELOOF, LIEFDE EN HOOP

AGTERGROND
Hierdie is die oudste brief van Paulus wat aan ons bekend is. Dis ook die oudste boek in die Nuwe Testament. Hy het dit sowat 50nC geskryf. Dit was 16 jaar na sy Damaskuservaring.
Die stad Tessalonika was die hoofstad van die Romeinse provinsie Masedonië. Dit was in sy tyd so bekend as wat Nieu York en London vandag is. Dit het op 'n belangrike handelsroete tussen die Ooste en die Weste, die Via Egnatia, gelê en was boonop 'n veilige hawe. Waar Tessalonika ongeveer 100 000 inwoners in Paulus se tyd gehad het, het die moderne Salonika meer as 'n miljoen en is dit vandag die tweede grootste stad in Griekeland.
Vreemdelinge van oraloor het baie politieke, kulturele en godsdienstige invloede die stad ingebring. Die inwoners was verdraagsaam teenoor die baie godsdienste wat oor eeue heen deur die reisigers, handelaars en soldate na hierdie kosmopolitiese stad gebring is. Hulle het sonder veel probleme deelgeneem aan sulke nuwe godsdienste en was agterdogtig as ander (soos Joodse gelowiges) dit nie wou doen nie. Om in so 'n stad Christen te word, was 'n besluit met ingrypende implikasies. Daar moes 'n besliste keuse en 'n radikale breuk plaasvind.
Die gemeente is deur Paulus gestig, maar hy moes na 'n opstokery teen hom haastig daar padgee (Hand 17). Later, nadat vervolging uitgebreek het, het hy Timoteus gestuur om die gemeente te ondersteun. Na Timoteus se terugkeer, skryf hy die brief om hulle nog verder te help (1 Tess 3:2).

SKRIFLESING: 1 TESS 1; 5:8-11

INLEIDING

GELOOF… LIEFDE … HOOP.
Dit is die drie herinneringe wat vir Paulus uitstaan as hy aan die Tessalonisense dink: *"Die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus."* (1:3) Is dit nie mooi nie? Watter pragtige **getuigskrif** van 'n gemeente, van enige gelowige is dit nie!
Kom ons bekyk hulle een-een van nader.

1. DIE WERK VAN JULLE GELOOF
Paulus het dit oor-en-oor beklemtoon dat 'n mens se goeie werke jou nie kan red nie (Rom 3:23). Hier is dit duidelik dat goeie werke nie daarom **onbelangrik** is nie. Die Here Jesus self het verklaar: *"Nie elkeen wat vir my sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil <u>doen</u> van my Vader wat in die hemel is."* (Matt 7:21) Lidmate is mense wat belydenis van geloof afgelê het, wat sê dat hulle glo. Ons bely gereeld Sondae ons geloof in die woorde van die Twaalf Artikels. Maar in die Tessalonisense se geval het dit nie maar by woorde gebly nie. Hulle geloof was nie maar net lippetaal nie. Dit het uitdrukking in werke gevind. <u>Dit was 'n daad-werklike geloof.</u> Dit is soos dit behoort te wees. Anders beteken so 'n geloof niks nie. Soos daar in Jakobus staan: "*Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? … 'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood."* (2:14,26)

‘n Mens word deur geloof alleen gered, maar geloof is nooit alleen nie! Ware geloof vind altyd uitdrukking in dade.
Is daar so iets as ‘n **nie-praktiserende gelowige?** Nee, dis onmoontlik. ‘n Sogenaamde “nie-praktiserende gelowige” is pleinweg ‘n ongelowige. Jy is ‘n *praktiserende* gelowige, of jy is ‘n ongelowige en nog verlore.
Tweedens:

2. DIE INSPANNING VAN JULLE LIEFDE
Nes geloof, kan liefde ook nie onsigbaar bly nie.
*“Christianity is a relationship.”* Dit gaan om ‘n verhouding van wedersydse liefde tussen ‘n Vader en sy kinders. En soos met alle verhoudings, stel hierdie verhouding ook sy eise. Ons sê bv *“Trou is nie perdekoop nie.”* En dan bedoel ons wat? Ons **bedoel** dat die liefde soms offers van ons vra, nie waar nie. Ons moet ons inspan om ‘n sukses te maak van ons huwelik. Alles gebeur nie sommer vanself nie.
Die **nagmaal** herinner ons vandag aan die offer en inspanning wat Jesus se liefde vir ons van HOM gevra het. Sy gebed in Getsemane bevestig dat dit nie vir Hom vanself gekom het nie: *“Vader, as hierdie beker by my kan verbygaan… Nogtans nie My wil nie, maar laat U wil geskied!”* Die sweetdruppels soos bloed was uit pure inspanning!
Die liefde laat ‘n mens soms **bloedsweet**…
Volgens 2:9 het Paulus se liefde vir die Tessalonisense daarin tot uitdrukking gekom dat hy dag en nag *“geswoeg en gesweet het.”*
Wanneer ons ander liefhet, sal ons, soos wat 5:15 dit stel, ons *vir hulle belange beywer* – en dis nie altyd maklik nie. Vra maar vir ‘n ouer. Of vir ‘n kind wat na ‘n bejaarde ouer moet omsien. Of iemand wat ‘n gestremde versorg. **Mooiweersliefde**, liefde wat nie ook bereid is om die storms te help trotseer nie, is nie ware liefde nie.
Wanneer hy besig is om daar in Korinte hierdie brief aan hulle te skryf, dink hy met dankbaarheid terug aan hoedat hulle hulle uit liefde ingespan het.
Derdens dink hy ook aan

3. DIE VOLHARDING VAN JULLE HOOP
Die Tessalonisense se omstandighede was moeilik. Paulus verwys op meer as een plek in die brief na die lyding wat hulle terwille van hulle geloof moes verduur: *lees 2:14; 3:2,3*.
Die Christen se hoop is op God dat Hy sy beloftes sal waar maak. Hebr 10:23 *“Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.”* Dit is nie maklik om te bly hoop nie. Veral nie as dit lank duur sonder dat daar iets van die beloftes waar word nie. Die Tessalonisense het verwag dat die Here Jesus sommer gou na sy hemelvaart weer sou terugkom soos wat Hy beloof het. Maar nou het sommige van hul medegelowiges al gesterf en Jesus het nog steeds nie op die wolke verskyn nie.
Dit is dan baie menslik om teleurgesteld in God te raak en te wonder of dit nog die moeitewerd is om te bid of om Hom te dien, ja, dis dan maklik om hoop te verloor. Paulus doen egter ‘n beroep op hulle om wanneer iemand sterf, nie te treur soos die ander mense wat geen hoop het nie. En die rede is: *“Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het. Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem.”* (4:14)
Om **volhardend te hoop**, sal beteken dat ‘n mens jou lewe so inrig dat jy *enige dag gereed* is vir daardie oomblik as die Here jou kom haal.

SLOT

GELOOF … LIEFDE … HOOP.
**Geloof** wat uitdrukking vind in dade – daadwerklike geloof; **Liefde** wat nie omgee om jouself in te span ter wille van God en ander se belange nie; **Hoop** wat jou op jou tone hou, gereed vir die wederkoms – is dit die **prentjie** van hierdie gemeente? Van jou en my lewe?
God maak dit moontlik vir hulle wat naby aan Hom, aan Hom oorgegewe lewe. Hy doen dit o.a. deur die **erediens** en die **sakramente.**
Daarom is dit *goed en so nodig* dat ons vandag hier is en GEREELD hier is. Ons leef soos die Tessalonisense in **tye** waarin ons geloof gedurig aangeval word, ons liefde uitgedaag word en ons hoop maklik kan verflou. Ons leef tussen **mense** wat ongelowiges is, nie meer glo nie of in ander goed glo. Die liefde waaroor daar hoog opgegee word, is meestal selfsugtig gekleur. Baie het al die hoop laat vaar en leef maar van dag-tot-dag.
*"Maar"* – soos 5:8 sê – *"ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm."*

Amen.
2/11/08

BESPREKING

1. Lees weer die Skrifgedeelte
2. Wat in die Skrifgedeelte of preek het vir jou aangespreek
3. Stem jy saam dat ons geloof aangeval word, die liefde in die wêreld meestal selfsugtig is en dat baie mense hoop verloor het?
4. Probeer dink aan voorbeelde van daadwerklike geloof, inspannende liefde en volhardende hoop
5. Probeer saam 'n gebed formuleer nav bogenoemde

Gesels gerus ook hieroor:

"Die diens op Sondag is dus nie die hoogtepunt van die week se bediening van die gemeente nie, maar die beginpunt van die lidmate se bediening vir die res van die week. Daar word hulle toegerus om al die soekendes, treurendes, moedeloses en verlorenes te gaan opsoek en te bedien met die hoop van die evangelie – dit wat hulle Sondag geleer het, waartoe hulle opgeroep en waarvoor hulle bemoedig is. (Aangehaal uit: *Ja! Vir Sending* van Chris Visser)